

# Ontmoeting 9

# TOMAS TWYFEL

Hulpmiddels:

Johannes 20:29b gedruk of geskryf op papierstroke wat die kinders kan versier en om hul arms kan dra.

Gom of krammetjies om dit vas te maak

Papier en kryte/kleurpotlode

Klei

**Al die aktiwiteite en liedjies fokus op hande, aangesien Tomas aan Jesus se hande wou voel.**



**Handjies klap:** Die leier staan voor en beweeg sy hande op en af verby mekaar. Elke keer as die leier se hande verby mekaar beweeg moet die kinders hande klap. Die leier probeer om hul uit te vang deur soms sy hande te stop voor hul verby mekaar gaan. Wissel spoed vir pret.

**Battle of the hand:** Kinders hou hulle eie hande vas in mekaar. En die een hand stry teen die ander hand om los te kom.

**Raai, raai wie?:** Verdeel die kinders in twee spanne en hou 'n kombes regop in die middel van die vertrek. Elke groep sit agter 'n kant van die kombes sodat die ander span hulle nie kan sien. Sit ongeveer 'n meter weg van die kombes. Een kind uit die eerste groep stoot sy hand onder die kombes deur en die ander span raai wie se hand dit is. Maak beurte. Doen dit 'n paar keer.

Lied: "Al julle volke klap julle hande" (Kinderlof no. 1 snit 25)



**Stilword-ritueel**

"Van kop tot toon" (Kinderlof no. 2 snit 26)

"Heer Jesus, my Redder" (Flam 6)

**Temalied:** "Ek hef my hande op" (Luidkidz; Retief

Burger)

Gebed - Stilgebed: Vra kinders om hulle hande oop voor hulle te hou en gee 'n oomblik van stilte waarin hul vir die Here kan sê: "want U is God en ek sê dit in geloof". (Die frase kom uit die lied "Ek hef my hande op" en sluit aan by Tomas se belydenis.)



Johannes 20: 19-29

Lees Johannes 20:19 - 25 uit die Bybel

Wat het hier gebeur? Die dissipels was bymekaar op die Sondag en Jesus het by hulle gekom. Die dissipels was baie bly toe hulle Hom sien. Een van hulle was egter nie daar nie. Wie kan sy naam onthou? Dit was Tomas.

*Ek het nou iemand nodig wat Tomas gaan speel.*

(Laat "Tomas" eenkant gaan staan. Kies (10) dissipels. Hulle is dan die dissipels wat die vorige Sondag bymekaar was en vir Jesus gesien het. Hulle kom vertel vir Tomas daarvan. Maar Tomas sê: "As ek nie die spykermerke aan Sy hande kan voel en my hand op die wond in Sy sy kan sit nie, sal ek dit nie glo nie.") *Laat die kinders weer gaan sit.*

Agt dae later was die dissipels weer bymekaar en Tomas was ook daar. (Tel die dae op 'n almanak af.) Die deure was almal gesluit. (Stuur 'n kind om te gaan kyk of deure gesluit is.) Daardie dag was die deure almal goed gesluit, maar Jesus het gekom en tussen hulle kom staan. (Kies 'n kind wat die rol van Jesus kan speel en hy kom staan dan tussen hulle.) Jesus het hulle gegroet en gesê: "Vrede vir julle."

Hy roep vir Tomas nader: "Tomas, bring jou vinger hier, kyk na My hande! Kom sit jou hand hier op die wond in My sy. Moenie twyfel dat dit regtig ek is nie. Glo dit!"

(Tomas kom nader.) "My Here en my God," is al wat Tomas kon sê.

Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy nou omdat jy my sien?"

Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo.”

### Kinders dink na oor die verhaal:

- Ek wonder van watter deel van die verhaal het jy die meeste gehou.
- Ek wonder watter deel van die verhaal dink jy is die belangrikste.
- Ek wonder wie is jy in die verhaal.
- Ek wonder of daar ’n deel van die verhaal is waarvan jy nie gehou het nie.

### Teks memorisering:

Die woorde wat Jesus vir Tomas gesê het, troos my. Hy het gesê: “Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo.” Hier praat Jesus van mense soos ons wat Hom nie gesien het toe Hy hier op aarde was nie, maar wel glo. Ek wil dit nooit vergeet nie. Gaan julle my help om dit te onthou?

Johannes 20:29b “Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo.”

### Metodes van herhaling van die vers:

- Lees vers
- Maak julle oë toe en sê dit op
- Sê almal saam
- Draai na mekaar en sê dit op
- Fluister dit
- Herhaal uit jou kop
- Wie wil dit alleen sê?



- Papier en kryte
- Klei
- Gee Johannes 20:29 gedruk op ’n lang papiertjie. Laat die kinders dit in ’n sirkel vorm en vasplak of kram en om hul arms dra.

Sluit af met die seëngroet.

**Johannes 20:29b : “Gelukkig is dié  
wat nie gesien het nie en tog glo.”**